# Storie van die sterre



Eendag roep Mantis sy dogter, die Uil, en hy sê: "Gaan sit my nat skoene langs die Vuur sodat dit kan droog word."

Hiervan het die Son glad nie gehou nie, dat Mantis sy ou nat skoene langs die Vuur durf plaas. Daarom laat hy die Vuur kwaai vlam, sodat die skoene kan verbrand. Toe Mantis sy dogter stuur om sy skoene te gaan haal, was hulle verbrand. Hy raas met sy dogter, die Uil.

Die Uil het haar vererg en sy vat die kole en gooi dit in die lug op en roep uit: "Toe, kole, word Sterre, dat ons snags lig het as die Maan en die Son slaap!" En vir die gloeiende as sê sy: "Toe, as, word die Melkweg om die Sterre te help lig gee. Kom gee lig, dat die mense in die nag kan sien en nie nodig het om tuis te sit nie." Toe kom daar 'n groot warrelwind en voer die kole en as tot ver bokant die wolke: die glinsterende kole word toe die flikkerende Sterre en die gloeiende as word die Melkweg, wat soos 'n verligte boog oor die Aarde staan. Toe kom daar genoeg lig om snags rond te stap.

Toe die Son die volgende dag agter die berge oprys, sien hy die Uil sit en hy vra aan haar: "Wie het die lug vol kole en as gegooi?" Die Uil antwoord: "Ek, want dis snags so donker dat niemand kan sien om te loop nie." Hierop sê die Son: "Weet jy dat jy 'n groot kwaad aangerig het? Nou sal die mense in die nag rondstap om kwaad te doen. Ek het die nagte so donker gemaak dat die mense nie hulle hande voor hulle oë kon sien nie en daarom moes hulle tuis bly en slaap. Die dag is mos lank genoeg om te jag en rond te lop, om te gesels en pret te maak, maar nou sal jy sien dat jy die deur oopgemaak het om kwaad te doen. Ek sal hard probeer om die Maan uit die lug te kry sodat daar geen maanskyn sal kom nie. In die dag sal ek die Sterre voor my wegvee. Maar wat sal ek doen met jou, my suster? Voortaan sal jy in die nag sterrelig moet rondvlieg, want sien ek jou in die dag, dan sal ek jou verbrand tot as, nes ek met die skoene gemaak het. Almal wat jou sien, sal jou oor hierdie dwase daad bespot. Toe, weg is jy en loop boer in die nag! En jy sal sien dat die Sterre jou bedroef min lig sal gee – net genoeg vir boosdoeners om kwaad te doen. Die Sterre is te klein om vir julle warmte te gee, daarom sal julle snags van koue rittel en bewe."

Die Uil vlieg toe weg om te gaan wegkruip, want waar sy in die dag rondvlieg, word sy bespot.

En nou sit sy en peins oor wat sy gedoen het – of dit reg of verkeerd was. Waar sy sit, roep sy uit: "Ho, hoa!" wat in die San-taal beteken: "Oplig, opgelig!" Daarmee vra sy haarself af of sy verkeerd gedoen het toe sy die kole en die as in die lug opgegooi of opgelig het.

Die Son het die Uil in die dag blind gemaak en sy het van daardie dag af nooit weer haar broer, die Son, gesien nie. Sy verlustig haar nou aan die Sterre en die Melkweg, of Hemelstraat, wat sy self gemaak het.

Dit wat die Son voorspel het, het toe gebeur: Van toe af loop Leeu, Tier, Wolf, Jakkals en Ystervark snags rond om te moor en te roof. Van toe af het die kwaaddoeners vermenigvuldig; want hulle het nou snags genoeg lig om te sien!